# MOONTLIKE ANTWOORDE VIR:

(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk, Funksionele Skryfwerk, Letterkunde)

## AFDELING C

101-1|3

## VRAAG 5

## VERLORE PARADYS – SLAAPTYDSTORIES : CHRIS BARNARD

5.1 5.1.1 Hy is opgeneem in 'n inrigting vir dranksugtiges.
5.1.2 Sy het haarself met 'n laken opgehang (selfmoord). (2)

5.2
- Ouboet is, vanweë sy kinderlikheid (geestesgestremdheid), tog ontfermend (besorgd) oor sy suster/broer.
- Hy is egter baie groter en sterker as die broer/suster. (2)

5.3 Vrees (1)

5.4
- Pa klop aan die deur.
- Verteller slaan Ouboet met 'n klip (dat die bloed lop) terwyl hy slaap.
- Ouboet skrik wakker en verwurg die verteller.
- Verteller moet die storie vertel terwyl Pa luister. (4)

5.5 nou net/kort gelede/so pas (enigeen) (1)

5.6 Ontnugtering van die harde werklikheid. (1)

5.7 Sy pa was 'n heldefiguur in sy oë. (1)

5.8 As Ouboet nie gehoor het wat hy wou hoor nie, het hy gewelddadig geword. (1)

5.9 5.9.1 Hy/sy was gebind aan 'n idioot broer, gedwing om na hom te kyk omdat hulle ouers te swak was vir die verantwoordelikheid.
5.9.2 Hy kan/wil nie die werklikheid in die oë staar nie en ontvlug deur 'n versinde storie. (2)

[15]

## TERUGKEER VAN 'N SOLDAAT : DOLF VAN NIEKERK

5.10 Sy het dan juis "vergeet" dat die boodskap drie jaar gelede al gekom het dat Carolus dood is. (1)

5.11 As sy hoor, moet sy noodwendig die waarheid – dat hy dood is – aanvaar, maar sy wil juis dit nie doen nie. (1)

5.12 Ja, want gewoonlik dui swart op die dood – in hierdie geval die dood van haar seun. Sy rou onbewustelik oor haar dooie seun. (1)

5.13 Net soos haar hare deurmekaar is onder die hoed, so deurmekaar het haar denke geword. (1)

5.14 Hy slaap wel – hierdie keer permanent (hy is dood) en sy is in haar onderbewussyn bewus daarvan. (1)

5.15 Dapperheid. (1)

5.16 Soldaat word in die rede geval. (1)

5.17 5.17.1 Uitsteltegniek (1)
5.17.2 Behou spanning (1)

5.18 Wanneer sy haar gereed kry om stasie toe te gaan. (1)

5.19 Sy smoor (keer) hom ook voor hy die waarheid aan haar kan ontbloot. (1)

5.20 R15 – 16
Ek bly naby haar ... van nou af is ek soos 'n hond aan haar. (1)

5.21 Hulle verwonder hulle elke Woensdag aan die geestelike versteurde vrou wat elke keer glo haar seun kom terug. (1)

5.22 trots (1)

5.23 Hulle <u>wuif</u> (handeling wat opgewondenheid/blykskap aandui) vir haar, maar hulle gesigte is soos die van <u>lyke</u> (doodsheid/onbetrokkenheid) (1)

**(15)**
**[30]**

**VRAAG 6**
**PARAGRAAFTIPE VRAAG**

6.1 Frannie haat die Weskusomgewing waarin hy grootgeword het. Die armsalige bestaan wat sy ouers en die res van die inwoners voer, staan hom glad nie aan nie. Die visreuk versmoor hom en die omgewing lyk verdor en verlate.

Wanneer hy by die stasie afklim, sien hy alles in 'n negatiewe lig.

Hy sien 'n "misson" en die "mis/son" wat in die kamer skyn, gee 'n dowwe geel kleur af. Versterk Frannie se gevoel van onsekerheid en vertwyfeling (sy ma se siekte). Sy ruik na sweet. Die reuke: vrot vis, nat sout. Die huis ruik na siekte en daar is geen heerlike kos geure nie. Ervaar afkeer in die plek. Hy wil nie meer saam met sy pa see toe gaan nie.

Ook die koue en donkerte ervaar hy intens – dit ondersteun sy skuldgevoel en depressie oor sy ma se siekte.

Na die kreefepisode verander sy siening. Hy sien die duinwêreld nie meer as dood nie, maar lewe wat onderlangs plaasvind. Die donkerte toe hulle die krewe uithaal, beskerm hulle nou teen die kreefspietkop. Sy vinnige optrede bewys dat hy nog omgee, al het hy weggegroei van die omgewing.

Frannie bewys net weereens dat al word jy uit jou omgewing weggehaal, kan 'n mens tog nie werklik van jou agtergrond ontsnap nie. Dit hang egter grotendeels van jouself af hoe jy jou verlede en herkoms gaan verwerk en aanvaar.

Dit is goed dat Frannie tot ander insigte gekom het. Met sy ma se naderende dood gaan hy 'n steunpilaar vir sy pa moet wees, en omgekeerd. Hy sal noodwendig sy milieu moet aanvaar, want sy pa sal nie ontwortel kan word om in 'n ander omgewing te bly nie. **[15]**

6.2 Die skerpioene verwys na krewe (taalgebruik van die Weskusstreek). Daar is 'n groot poging aangewend om teen kreefsmokkelary op te tree. Frannie se ma se laaste versoek (vir 'n kreef) is teenstrydig met die wet. Hulle oortree egter die wet (in liefde) om die ma se wens uit te voer. Die verhaal handel dus grootliks oor die versoek en die gebeure rondom die versoek, asook die oorwinnings in alle opsigte wat die karakters ervaar. (5)

6.3 Frannie en sy pa wil maar net aan sy ma se laaste versoek voldoen, m.a.w. 'n kreef vir haar bring. Die dood is hul laaste liefdesbewys aan haar. Aanvanklik is sy pa teen die idee gekant, maar wanneer hy besef dat sy nie meer lank gaan leef nie, gee hy toe. Beide van hulle ervaar emosionele druk en empatie met die situasie. Dit laat hulle geen ander keuse as om die kans te waag nie. Frannie neem die leiding en help sy pa om die finale besluit te neem. Hulle word uitgevang, maar a.g.v. Frannie se vinnige besluit en optrede, slaag hulle in hul sending.

Indien hulle voor die magistraat sou verskyn, sou emosionele wroeging en onstabiliteit as versagtende omstandighede beskou word by die uitspraak van hul vonnis. Hulle het dus opgetree soos enige ander normale mens sou optree in die omstandighede. 'n Mens sal altyd in liefde toegee om jou geliefde se laaste oomblikke op (die) aarde gerieflik, genotvol en aanvaarbaar te maak. (10)

**[30]**

## BOEKET : TONY LINKS E.A.
## BLOED

## VRAAG 7

7.1
* Hy voel eensaam / Hy mis sy ouers
* Hy kyk asof hy troos uit daardie oord vir sy omstandighede gaan kry. (2)

7.2 Vrees/bang 1)

7.3
* Sy stiefsuster se verwysing na ruspes se groen <u>bloed</u>
* Stiefsussie roep uit dat <u>Allen bloei</u>
* <u>Allan</u> trap nie in sy stiefvader se <u>bloed</u> wat uit sy kop vloei nie. (3)

7.4
7.4.1 Dit was sy verdedigingsmeganisme teen die pyn, marteling wat hy moes verduur. (2)
7.4.2 Woede (1)
7.4.3 Hy het hom elke keer geslaan (1)
7.4.4
* Hy is te dom om een woord van 'n ander te onderskei.
* Hy wil verstand in Allen se leë kop inslaan (2)

7.5 Moord (1)

7.6
* Hy draai die boute verder los
* Wag dat sy stiefpa se kop gelyk met die boonste sport is
* Skop die man teen die kop dat die leer agteroor tuimel
* Draai die boute vas en klim af. Trap nie in sy bloed nie. (4)

7.7 Die leser sou nooit kon dink dat die klein, stil muisagtige seuntjie moord kon pleeg nie. (2)

7.8 Onnodig gemartel deur stiefsuster en –pa. Raak ontslae van sy bron van leed. (1)

[20]

## DE MIER, DE EERBIED EN DE ROEM

7.9
* Hy was buitengewoon sterk
* Hy het graag dinge rondgedra/rondgestoot (2)

7.10 Hy wou hierdeur eerbied afdwing en roem verwerf. (2)

7.11
* Vasbeslotenheid
* Toegewydheid (2)

7.12
* Sy brein verdor en hy kan nie meer dink of enige besluite neem nie
* Sy handelinge word meganies (2)

7.13 Hy het 'n sinnelose bestaan gevoer deur sy lewe aan die stoot van 'n suikerklont te wy. (2)

(10)

[30]

## VRAAG 8
## PARAGRAAFTIPE VRAAG

8.1 Die mier is aanvanklik as die sterkste mier in die wêreld beskou. Sy tog om die suikerklont te stoot, duur lank en sy probleme raak al meer en moeiliker. Sy liggaam word algaande misvorm deur die ongewone, volgehoue aktiwiteit van stoot. Hy moet die ander miere wat wil help, verwilder. Sy liggaamlike verval is aan die einde so erg dat hy skaars die klont kan beweeg. Sy oë is verswak (amper blind) en sy ledemate styf en misvorm. Sy brein is verdor – hy kan nie meer regte besluite neem nie en hy kan ook nie meer reg dink nie. Sy aksies/bewegings is nou bloot net meganies. Hy voltooi net sy taak omdat hy nie anders kan nie. Sy stem het net 'n fluistering geword. Sy grootste ontnugtering was die besef dat hy sy lewe aan niks gewy en uiteindelik niks bereik het nie – geen roem en opheffing nie. 'n Doellose bestaan wat gou vergete geraak het. (10)

8.2 Die oom kom vra sy suster of haar seun hom nie in die vakansie kan kom help nie. Die seun is 'n begaafde musikant en kan die oom help om regte instrumente te koop en te verkoop. Dis presies wat die seun doen. Hy bespeel die instrumente sodat voornemende kopers die goeie kwaliteit kan hoor, of voornemende verkopers kan hoor hoe gedaan die instrumente is sodat hy dit teen 'n baie verlaagde prys kan koop. Die seun laat die klanke valser en skerper klink as wat die werklik is. Die oom sê elke keer vir die seun wat en hoe hy dinge moet doen om 'n transaksie te sluit, bv. om vals te speel, om geestelike liedere te sing, om 'n klavier uitmekaar te haal, om wurmsalf te verruil vir 'n orrel, om leuens te vertel, ens.

Die seun kom tot insig wanneer 'n koper sy oom as 'n skelm skurk afmaak. Hy is ontnugter en sien nie meer die mooi in die vallende sneeu raak nie. (10)

8.3 Die herbergier se heerlike vleisgeregte het hom wyd en syd bekend gemaak. Sy diens was voortreflik en hy het min geld vir sy uitsonderlike geregte gevra – selfs geweier as iemand baie lekker geëet het. Hy kon huil van blydskap as sy gaste hoogs tevrede met die dis was.

Die hongersnood raak hom aanvanklik nie, want hy gebruik nog sy laaste groente en diere. Wanneer sy kos egter ook opraak, raak die gaste minder en verdwyn later. Die herberg is stil, die herbergier verloor sy lus om te lewe, want hy kan nie meer dien nie. Hy sit doelloos en apaties voor sy herberg en lig net soms sy kop op.

Wanneer 'n hertog hom besoek en 'n versoek rig, raak die herbergier weer vol lewe. Na sewe dae dien hy sy dis voor die gaste op. Hy is bleek en staan nie rond om hulle te bedien nie. Hy weier om sy resep aan die hertog te openbaar. Hy het sy been afgesit om die gereg voor te sit. Dit het hom nie lank na die insident nie, sy lewe gekos. Hy het sy lewe opgeoffer vir roem en prys. (10)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

# GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG
## NASIENTABEL VIR LANGER SKRYFSTUKKE
## LITERATUURSTUDIE VRAESTEL II

### T A A L   E N   S T Y L

I N H O U D

| 20 / 15 / 10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20 15 10 | 19 14 9 | 18 13 9 | 16 12 8 | 15 11 7 | 14 10 7 | 12 9 6 |
| VOLLEDIG | 18 14 9 | 17 13 9 | 16 12 8 | 14 11 7 | 13 10 7 | 12 9 6 | 10 8 5 |
| EERSTEKLAS | 16 12 8 | 15 11 8 | 14 10 7 | 12 9 6 | 11 8 6 | 10 7 5 | 8 6 4 |
| GEMIDDELD | 14 11 7 | 13 10 7 | 12 9 6 | 10 8 5 | 9 7 5 | 8 6 4 | 6 4 3 |
| ONDERGEMIDDELD | 12 9 6 | 11 8 6 | 10 7 5 | 8 6 4 | 7 5 4 | 6 5 3 | 4 3 2 |
| SKRAAL | 10 8 5 | 9 7 5 | 8 6 4 | 6 5 3 | 5 4 3 | 4 3 2 | 2 1 1 |
| ARM | 8 6 4 | 7 5 4 | 6 5 3 | 4 3 2 | 3 2 2 | 2 2 1 | 1 1 0 |

# TABELOMSKRYWING

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK (R)**<br>1 Besondere insig.<br>2 Sterk oortuigingskrag.<br>3 Uitstekende inhoudbeheer.<br>4 Deeglike begrip en interpretasie.<br>5 Interessante, sistematiese en logiese. beplanning.<br>6 Vraag en antwoord sluit.<br>7 Vraag voortdurend in fokus. | **SKITTEREND (S)**<br>1 Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik.<br>2 Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie.<br>3 Oorspronklike taal en styl.<br>4 Afrikaanse idioom.<br>5 Keurige taalaanwending. |
| **VOLLEDIG (V)**<br>1 Besondere insig.<br>2 Oortuigingskrag baie goed.<br>3 Inhoud weldeurdag.<br>4 Duidelike begrip en interpretasie.<br>5 Interessante, logiese beplanning.<br>6 Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek.<br>7 Vraag en antwoord sluit.<br>8 Vraag in fokus. | **BAIE GOED (BG)**<br>1 Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik.<br>2 Goeie styl.<br>3 Keurige taalaanwending - klein foutjies. |
| **EERSTEKLAS (E)**<br>1 Meer gebreke.<br>2 Oortuig minder.<br>3 Feite nie volledig nie.<br>4 Aanbieding plek-plek nie logies nie.<br>5 Vraag en antwoord sluit plek-plek nie.<br>6 Vraag nie voortdurend in fokus. | **GOED (GO)**<br>1 Meer gebreke. T.o.v. lees- en skryftekengebruik.<br>2 Taal en styl begin lomp vertoon.<br>3 Taalaanwending toon tekens van slordigheid. |
| **GEMIDDELD (GEM)**<br>1 Baie gebreke.<br>2 Oortuig soms glad nie.<br>3 Helfte van feite.<br>4 Belangrike feite ontbreek.<br>5 Interpretasie gewoon.<br>6 Aanbieding nie logies nie.<br>7 Vraag en antwoord sluit dikwels nie. | **GEMIDDELD (GEM)**<br>1 Nog meer gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik.<br>2 Taal en styl vertoon lomp.<br>3 Taalaanwending is slordig. |
| **ONDERGEMIDDELD (OG)**<br>1 Baie meer gebreke.<br>2 Oortuig gedeeltelik.<br>3 Belangrike feite weggelaat.<br>4 Interpretasie oortuig nie.<br>5 Aanbieding is lomp.<br>6 Vraag en antwoord sluit hier en daar.<br>7 Vraag net in enkele gevalle in fokus. | **REDELIK (RE)**<br>1 Emstige gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik.<br>2 Sinsbou is swak.<br>3 Taalaanwending slordig.<br>4 Slaag soms net. |
| **SKRAAL (SK)**<br>1 Kandidate druip.<br>2 Vol gebreke.<br>3 Oortuig glad nie.<br>4 Geen insig nie.<br>5 Onbelangrike feite oorheersend.<br>6 Interpretasie swak.<br>7 Aanbieding deurgaans lomp.<br>8 Vraag en antwoord sluit glad nie. | **SWAK (SW)**<br>1 Skryf- en leestekengebruik beroerd.<br>2 Sinsbou swak.<br>3 Taalaanwending slordig. |

| ARM (AR) | BAIE SWAK (B SW) |
|---|---|
| 1 Druip ver.<br>2 Geen insig.<br>3 Weinig kennis.<br>4 Interpretasie pateties.<br>5 Aanbieding onlogies en verward.<br>6 Vraag glad nie beantwoord. | 1 Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie.<br>2 Taalgebruik uiters swak. |